

Count Mastri Pasullewa Medra Portra Versinkwa
Lord Moktar Oldada die Dier Ratsiraka
Die Heer Siwoosagur Ramgoollam






Mnr. die voorsitter..

Mnr. die vraesteller..




Ons speurkomitee gereed om nog n intrige op te los. Groot suksesse is in die verlede behaal. Speurder-wees is geen maklike taak.







Saluut aan hulle.
Ou manne wat die
koshuis verlaat.

Ons graduandi
1977.






In hierdie huis
dra en verdra
ons mekaar.


# RTSPO SPORT ORTSP
















Rugby De Wet-I



De Wet Krieket I. Wenners van koshuisliga 1978




Willie Olivier, Junior - Springbok in aksie.



## ONS PA SÊ

Dag my eie Dewetters,,
Veroorloof my die keer my gebruiklike boodskap aan veral die vertrekkendes in te lui met n stukkie geskiedenis oor julle huis se kosbare besit,en die boodskap ook daarmee te vervleg.
Mnr. Barkhuysen vra my eendag aan die begin van hierdie jaar so ewe terloops of ek dalk raad kan gee met waar hulle die Kottler-beeld van genl. DeWet wat in die C.R.Swart-ouditoruim pryk,kan plaas.Elke kunstenaar wat daar uitstal kla dat die beeld hul uitstalling oordonder.
Ek het met die vraag meer as lekker gekry.In die eerste plek oor die woordjie oordonder,want so het genl.De Wet in die lewe en in sy ryke nalatenskap en tradisie wat ook in die hart en gees van ons Dewetters voortleef,leer ken. So het n De wet se absolute trou,sy onwrikbare geloof, sy heldhaftige onverskrokkenheid,sy grenslose vaderlandsliefde en sy loop-op-die-reguit-pad alles en almal wat hul teen hom wou afspieël oordonder -- nie omdat hy verwaand was nie,maar omdat hierdie nederige man groot van gees was
My ander lekkerkry was anders.Dit was een wat ek vir Oom Barkie moes verberg,want in my het n opgewondenheid begin opwel -- Sou ek die beeld vir my Huis DeWet kon bekom? Hierdie beeld is tog onteenseglik die kosbaarste wat op die kampus staan!.Dis die hoogs enkele stuk kunswerk op die kampus.Dis aan n Kottler-beeld!. Sou ons dit tog kon bekom?
Die geesdriftige ja van Oom Blackie het my half vies gemaak,want dit het geblyk of hy half-bly was om van die beeld ontslae te raak.Gelukkig ken ek sy suiwer Afrikaner-hart en weet ek dat dit nie die Generaal self is wat hom las gee nie,maar net daardie oordonderende beeld.



IN ENIG GROOT WERK IS

DE EERSTE VEREISTE MOED

c.r. de wet

Tereg is van hierdie beeld gesê dat die realisme van genl. De Wet ietwat deur die spel van plastiese vorme gedempi is Daar is n tikkie van teleurstellende lewensloosheid in die beeld. Dit is as of Kottler op nietwat afsydige afstand van hierdie half-gebroke en afgeleefde ou kryger staan. Maar juis die tragiek dat die vuur in n De Wet toe al uitgebrand was kan ons nie ontkom nie.

Dit is dan die boodskap wat hierdie beeld vir elke De Wetter inhou. Daar kom n tyd in elke mens -- selfs n groot man soos De Wet -- se lewe dat die kers van jou lewenskrag laag begin brand en dat jy as jong mens en student moet weet dat jy nou jou volle lewe en kragte aan jou volk moet gee. Daar kom onafwendbaar n dag dat ook jou vuur uitgebrand raak. Laat egter nie die tragiese van die floue vlammetjie nie maar juis die heroïese van die hoëvlam van Christiaan de Wet elke dag in ons brand.

Waar hierdie beeld nou waardig maar byna esklusief ons s'n geword het, laat ons eie optrede en lewe as De Wetters soos hierdie kosbare beeld op die Bult ook as n kosbare beeld in hierdie Huis aan die Bult en die lewe wat ons daarbuite gaan betree, vertoon.

Steeds jul vriend en trotse "pa".

Prof. Tienie.


# LOOGEP
# EPILOOG
# OGEPILO

Verbly jou,o jongeling, in jou jeug en laat jou hart jou vrolik maak in die dae van jou jonkheid; en wandel in die weë van jou hart en in die aanskouing van jou oë; maar weet dat God jou oor al hierdie dinge in die gerig sal bring. En weer verdriet uit jou hart,en hou die kwale weg van jou liggaam want die jeug en jonkheid is nietigheid.




En dink aan jou Skepper in die dae van jou jonkheid voordat die ongelukkige dae kom en die jare aanbreek waarvan jy sal sê: Ek het daar geen behae in nie.


# DAKSIERE
# REDAKSIE
# KSIEREDA



Gerhard Serfontein
(uitleg)

Gideon de Wet (redakteur)





Deon Kitching
(fotograaf)

Hennie Lambrechts
(uitleg)

